# BEAUFORT - WES MUNISIPALEIT

## KENNISGEWING NO. 82/2010
## SCM 08/2011

# OPGRADERING VAN OU SLAGPALE KANTOOR

Kwotasies word aangevra deur die Munisipale Bestuurder van BEAUFORT – WES MUNISIPALITEIT vir **die Opgradering van Ou Slagpale Kantoor.**

Enige navrae kan gerig word aan **Mnr. A Hendricks by 082 494 0940** of **Me. S.A Pothberg by 023 414 8100.** `n Kwotasiedokument is verkrygbaar by die Kantoor van die Direkteur: Ingenieursdienste, Birdstraat 61, Beaufort-Wes gedurende kantoorure vanaf **Maandag 13 September 2010**.

Kwotasies moet in verseëlde koeverte duidelik op die buitekant gemerk **"SCM 08/2011: OPGRADERING OU SLAGPALE KANTOOR"**, gepos word (op eie risiko) aan: PRIVAATSAK 582, BEAUFORT-WES, 6970 of per hand afgelewer en geplaas word in die TENDERBUS in die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, by die Sanlam Gebou, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes. Die kwotasies **sluit** om **14:00** op **DONDERDAG, 23 SEPTEMBER 2010**. Op die sluitingsuur sal die kwotasies wat op daardie stadium ontvang is, in die *Konferensiekamer, Munisipale Kantore, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes* in die openbaar oopgemaak word. Laat en elektroniese kwotasies sal verwerp en nie oorweeg word nie.

`n **Verpligte tereininspeksie** sal geskied op **16 September 2010** om **10:00** by die ou slagpale gebou te Lochweg.

Kwotasies moet vir 60 dae geldig wees vanaf sluitingsdatum. Die Munisipaliteit is nie verbind om die laagste, enigste of enige kwotasie te aanvaar nie. Toekenning van kwotasies sal gedoen word in terme van die Raad se Voorsieningskanaal Beleid.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
**Beaufort-Wes**
6970

**J Booysen**
**Munisipale Bestuurder**

[6/2/1]